



VOORWOORD

Die tweede nuusbrieff van die 2015 kalenderjaar fokus op die volgende aspekte:

1. Voorsittersverslag – p1
2. Die beleggingsprestasie van die groeiportefeulje – p2
3. Die Fonds se toegangspoortaal, Retirement Fund Web – p2
4. Die pensioenberekenaar (Pension Calculator) op Retirement Fund Web – p2
5. Uitgestelde aftrede – p3
6. Belastingvrye spaarrekeninge
7. Wie kwalifiseer vir 'n gade-pensioen sou 'n lid te sterwe kom? – p3
8. Finansiële advies vir lede van 55 en ouer – p4
9. Belangrike kontakbesonderhede – p4

Voorsittersverslag

Dit is vir my aangenaam om 'n terugblik op die afgelope agt maande van die 2015 finansiële jaar te lewer. Die uitdagings op plaaslike en internasionale ekonomiese gebied het voortgeduur en vooruitsigte vir die afsienbare toekoms is nie veel beter nie.

Uiteraard sal toekomstige opbrengsverwagtinge hierby aangepas moet word. Die Raad van Trustees het gedurende die oorsigtydperk twee keer vergader en funksioneer goed. Vier subkomitees is deur die Raad van Trustees aangestel – die beleggingskomitee, die audit- en risikobestuurskomitee, die voordele- en doodseisekomitee en die komitee vir korporatiewe bestuur.

Die vier komitees vergader gereeld en doen verslag aan die Raad van Trustees gedurende Raadsvergaderings. Die Raad van Trustees vergader weer op 11 Desember 2015.

Beide die geouditeerde finansiële state en aktuariële

Die uitdagings op plaaslike en internasionale ekonomiese gebied het voortgeduur en vooruitsigte vir die afsienbare toekoms is nie veel beter nie.

waardasie vir die jaar geëindig 31 Desember 2014 is deur die Raad van Trustees goedgekeur en is betyds aan die Raad op Finansiële Dienste voorgelê. Die ouditeure het 'n ongekwalifiseerde auditopinie uitgereik en die aktuaris het bevestig dat die Fonds in 'n gesonde finansiële posisie is.

Ek sluit af deur my opregte dank en waardering teenoor die hoofbeampte, my medetrustees en die diensverskaffers van die Fonds uit te spreek vir die rol wat hulle speel in die voortgesette sukses van die Fonds.

Groete
Fran du Plessis
Voorsitter



Beleggingsprestasie van die groeiportefeulje

Die tabel hieronder som die groeiportefeulje se opbrengste tot 31 Julie 2015 op:

Periode	Opbrengs	Inflasie	Inflasie plus 5%	Portuurgroep-mediaan*	Portuurgroep-topkwartiel**
3 maande	-3.13%	1.59%	2.82%	-1.35%	-0.62%
12 maande	4.14%	4.74%	9.74%	8.74%	10.37%
36 maande	17.16%	5.63%	10.63%	16.29%	17.48%
60 maande	15.38%	5.48%	10.48%	14.79%	16.15%

* Die portuurgroep-mediaan is die beleggingsbestuurder wat in die middel van sy portuurgroep presteer het. Dit gee 'n aanduiding van hoe ander aftreefondse oor die tydperke kon gevaar het. Die portuurgroepmaatstawwe word van die Alexander Forbes-opname afgelei.

** Die portuurgroep-topkwartiel is die beleggingsbestuurders wat beter gevaar het as driekwart van hulle portuurgroep.

Alhoewel die groeiportefeulje deur batebestuurders met 'n bewese prestasiegeskiedenis bestuur word, kan negatiewe beleggingsopbrengste tydens ongunstige marktoestande van tyd tot tyd voorkom. Die beleggingskomitee van die Raad van Trustees, bygestaan deur die beleggingskonsultante van die Fonds, vergader gereeld om die beleggingsopbrengste in oënskou te neem. Die batebestuurders rapporteer aan die beleggingskomitee gedurende die vergaderings en onderprestasië deur die

batebestuurders word streng bevraagteken. Die groeiportefeulje is genoegsaam gediversifiseer tussen bateklasse en batebestuurders om die huidige ongunstige marktoestande die hoof te bied. Ongunstige marktoestande kan slegs suksesvol die hoof gebied word deur op die lang termyn in plaas van die kort termyn te fokus. Die lewensfase-beleggingstrategie, wat drie jaar voor lede se normale aftreedatum beskikbaar word, is daargestel om lede teen ongunstige

marktoestande kort voor aftrede te beskerm. Kapitaalbeskermingsopsie is ook beskikbaar vanaf ouderdom 53 vir lede wat beoog om vroeg af te tree. Verder is gratis finansiële advies deur 'n paneel van voorkeur-diensverskaffers beskikbaar vir lede van 55 en ouer. Maandelikse beleggingsverslae, asook 'n kwartaalike opsomming van die groeiportefeulje met meer besonderhede oor die onderliggende beleggingsportefeuljes en opbrengste, is beskikbaar by <https://www.retirementfundweb.co.za/>

Retirement Fund Web, u toegangspoort tot USAF

Het u geweet dat u 24 uur per dag toegang het tot u eie fondsinligting op die USAF-toegangspoort, Retirement Fund Web?

Op Retirement Fund Web kan u:

- die pensioenberekenaar gebruik
- u fondswaardes en voordele staat besigtig
- 'n Lidmaatskapsertifikaat druk
- ander fondsinligting besigtig.

Hoe verkry ek toegang tot die webwerf?

U kan toegang tot Retirement Fund Web verkry deur <https://www.retirementfundweb.co.za/> te besoek waar u kan registreer of aanteken.

Die pensioenberekenaar op Retirement Fund Web

Die aannames wat die pensioenberekenaar gebruik om u geprojekeerde pensioen by aftrede te bereken, en dié wat gebruik word om die jaarlikse pensioenprojeksiestate saam te stel, is nou dieselfde. Daar word veronderstel dat indien u geprojekeerde pensioen 80% van u pensioengewende

verdienste by aftrede beloop, u in staat sal wees om u lewenstandaard na aftrede te handhaaf. Die jaarlikse pensioenprojeksiestate bevestig of u op koers is om hierdie teiken by aftrede te haal. Indien nie, stel die pensioenberekenaar u in staat om die impak van 'n verhoging van u bydraes op u

geprojekteerde pensioen by aftrede te toets. Indien u buite die Fonds vir aftrede spaar, kan die bedrae wat u reeds gespaar het en nog sal spaar ook in berekening gebring word. Daar word aanbeveel dat u van die pensioenberekenaar gebruik maak om u bydraekoers vir 2016 te bepaal.

Uitgestelde aftrede

Baie min mense verstaan die uitdagings wat vroeë aftrede meebring. Indien 'n lid aftrede uit die Fonds vir vyf jaar uitstel, kan dit 'n groot impak op die waarde van die maandelikse pensioen by aftrede hê. Indien u op ouderdom 65 'n geprojekteerde pensioen van 55% van u pensioengewende salaris het, kan die projeksie byvoorbeeld styg tot 77% indien aftrede met vyf jaar uitgestel word.

Lede het nou die keuse om op die normale aftree-ouderdom, of by vroeë aftrede, hulle aftrede uit die Fonds uit te stel. Hoe werk dit? Indien u uitgestelde aftrede toepas wanneer u uit diens by die Universiteit aftree, bly u

fondskrediet belê in die Fonds terwyl u inkomste uit 'n ander bron bekom. U kan daarna besluit wanneer u uit die Fonds wil aftree, of anders gestel, wanneer u dit kan bekostig.

Die Universiteit het ook toestemming verleen dat werknemers wat uitgestelde aftrede uitgeoefen het en na aftrede weer tydelik in diens geneem word, kan voortgaan om bydraes tot die Fonds te lewer. Hierdie bydraes sal egter nie vir belastingverligting kwalifiseer nie. Indien u uitgestelde aftrede toepas en daarna te sterwe kom, ontvang u afhanklikes slegs die opgelope fondskrediet in die Fonds, aangesien die versekerde

doodsvoordele staak wanneer u uit diens by die Universiteit aftree. Die maandelikse administrasie-fooie sal van u fondskrediet verhaal word en u sal steeds toegang tot u fondsinligting deur die Fonds se toegangsportaal, Retirement Fund Web, hê totdat u uiteindelik uit die Fonds aftree. Deur uitgestelde aftrede uit te oefen, sal u steeds voordeel trek uit die skaalvoordele wat van toepassing is op die Fonds se administrasie- en beleggingsfooie. Indien u belangstel om uitgestelde aftrede uit te oefen, kan u vir mnr. Peter Kirsten van die Vergoedings- en Voordele-afdeling skakel om meer inligting te bekom.

Belastingvrye spaarrekeninge

Belastingvrye spaarrekeninge word sedert 1 Maart 2015 aangebied deur alle vooraanstaande finansiële instellings. Bydraes tot belastingvrye spaarrekeninge is nie belastingaftrekbaar nie en word beperk tot 'n maksimum van R30 000 per jaar. Boetes word gehef indien meer as R30 000 per jaar bygedra word. Die beleggings-opbrengs in die spaarrekening is egter belastingvry. Die onderliggende batesamestelling van die spaarrekening kan deur die belegger gekies word. Geldmarkportefeuljes, indeks-

fondse asook aandeelfondse is beskikbaar. Alhoewel 'n belastingvrye spaarrekening meer kostedoeltreffend as effektrustbeleggings is, is bydraes tot 'n aftreefonds die kostedoeltreffendste manier om vir aftrede te spaar. Belastingvrye spaarrekeninge is egter geskik vir u nie-aftreespaarbehoeftes, soos voorsiening vir kinders se studiekoste of om 'n deposito vir die koop van eiendom op te bou. Indien u geprojekteerde pensioen by aftrede minder as 80% van u pensioengewende verdienste is, het dit sin om

u bydraes tot USAF tot die maksimum van 20% te verhoog voordat u 'n belastingvrye spaarrekening oorweeg. Indien u 20%-bydraekoers nie genoegsaam is om die teiken van 80% te haal nie, kan verdere vrywillige bydraes tot USAF gelewer word. Hierdie bydraes bo die 20%-perk is egter, soos bydraes tot belastingvrye spaarrekeninge, nie belastingaftrekbaar nie. Die voordeel is egter dat geen verdere administrasiefooie op die vrywillige bydraes gehef word nie.

Wie kwalifiseer vir 'n gadepensioen indien 'n lid te sterwe kom?

Die volgende persone kwalifiseer as gades:

- 'n gade in 'n wettige huwelik;
- 'n gade wat 'n party in 'n tradisionele huwelik is wat deur die inheemse bevolking van Afrika aangegaan word. Indien 'n lid egter meer as een gade het, mag slegs een gade vir voor-

deeldoeleindes benoem word;

- 'n gade wat vir langer as ses maande met die oorlede lid in 'n verhouding was wat as 'n huwelik geag word. Dit sluit hetero- en homoseksuele verhoudings in.

Die onus rus egter op die gade wanneer 'n fondslid sterf om

sy/haar status as gade te bewys.

Lede in gewoontereghuwelike word daarom aangeraai om hulle gades as afhanklikes op hulle begunstigdenominasievorms aan te bring en hulle ingevolge die verpligte gadeversekeringskema van die Universiteit te verseker.

Finansiële advies aan lede 55 en ouer

Finansiële advies beskikbaar vir lede van 55 en ouer. U word weereens daaraan herinner dat USAF finansiële advies deur vyf voorkeur-diensverskaffers aan lede van 55 en ouer bied. Die vyf voorkeur-diensverskaffers is:

Alexander Forbes Financial Planning Consultants: (021) 809 3750; wesselsw@forbes.co.za

FinFocus: (021) 861 7000; usafadvies@finfocus.co.za

Graviton: (021) 883 9192; arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies: (021) 947 6025; kobus.swart@sanlam.co.za

Efficient Wealth: (021) 914 8030; martin@efw.co.za

USAF betaal vir twee konsultasies by een van die voorkeur-diensverskaffers. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 55 plaasvind en die tweede wanneer die lid aftree. As deel van 'n kwaliteitbeheerproses word afskrifte van die adviesnotas aan die hoofbeampte voorsien.

Die volgende stappe moet gevolg word:

1. Besluit op 'n diensverskaffer.
2. Kontak Menslike Hulpbronne (Charné Pool: (021) 808 9271 / charnep@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te bekom.
3. Maak daarna 'n afspraak met u gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat u die diens mag gebruik.

Belangrike kontakbesonderhede

Indien u meer inligting omtrent USAF nodig het, kan u die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die Voordeelkonsultant kontak. Kontak asseblief die hoofbeampte indien u enige klagtes aangaande USAF het.

Hoofbeampte

Japie Kotze

Tel: (021) 808 2754
Faks: (021) 808 2484
E-pos: jjsk@sun.ac.za

Voordeelkonsultant

Ian Nieuwoudt

Tel: (021) 912 3315
Faks: (021) 912 3341
E-pos: ian@simekaconsult.co.za

Vergoedings- en Voordele-afdeling

Peter Kirsten

Tel: (021) 808 3740
Faks: (021) 808 2484
E-pos: pkirsten@sun.ac.za

Pensioenfondsberegter (PFB)

E-pos: enquiries@pfa.org.za

Lede mag die PFB nader indien hulle klagtes nie voldoende deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede.